

NG Kerk in Oos-Kaapland A Fellowship of Differents : Padberade 2016

Inleiding

Die sentrale aanname van Scot McKnight in *A Fellowship of Differents* is dat mense alles wat hulle van die Christelike lewe weet by hulle plaaslike gemeente leer. **Die kerk waar gelowiges inskakel bepaal hoe die Christelike lewe lyk vir diegene wat daar aanbid.** Die plaaslike kerk vorm mense se prentjie van hoe 'n Christen moet lewe.

Plaaslike gemeentes moet dus baie goed nadink oor die dinge waaraan hulle aandag gee. Voorkeure of seleksies het geweldige implikasies. Die sentrale vraag is: **Wat is die kerk veronderstel om te wees. En: Indien die plaaslike kerk is wat dit moet wees, hoe lyk die Christelike lewe wat dit voortbring?**

McKnight gebruik die beeld van 'n vars slaai om die wese van die kerk uit te beeld. Soms meng mense nie die bestanddele van die slaai nie, maar eet dit apart. Soms gooi hulle alles bymekaar en oordonder al die bestanddele met 'n sous wat die unieke smake wegneem. Die regte manier is om die bestanddele in die regte verhouding te meng en net 'n bietjie olyfolie oor te gooi, sodat al die bestanddele en hul unieke smake in 'n heerlike mengsel na vore kom.

Die Nuwe Testamentiese kerk is so 'n slaai. Die vroeë kerk het uit so 'n sosiale mengsel van mense bestaan, uit alle lae van die samelewing, wat tot 'n heerlike eenheid saamgebind was: mans en vroue, burgers en slawe, Jode en nie-Jode, die elite en gewone pebs.

Die Christelike lewe is nie bloot hoe ek as individu vaar nie, maar veral hoe ons as gemeente vaar, asook hoe en wat ek doen in daardie mengsel wat ons die gemeente noem, 'n ware *fellowship of differents*:

God has designed the church – and this is the heart of Paul's mission – to be a *fellowship of difference and differents*.

The church is God's world-changing social experiment of bringing unlikes and differents to the table to share life with one another as a

new kind of family. When this happens, we show the world what love, justice, peace, reconciliation, and life together are designed by God to be. The church is God's show-and-tell for the world to see how God wants us to live as a family.

Aangesien die plaaslike kerk vir mense wys hoe om die Christelike lewe te verstaan, en aangesien die kerk *a fellowship of differents* is, moet ons dus in die kerk:

- Verskillende geslagte sien, mans en vroue;
- Verskillende sosio-ekonomiese groepe;
- Verskillende kulture;
- Verskillende musikale style;
- Verskillende artistieke style;
- Mense met verskillende morele geskiedenis;
- Verskillende vorme van kommunikasie;
- Verskillende ouderdomme wat deelneem;
- Verskillende huwelikstate;
- Erkenning dat die Christelike lewe 'n lewe in gemeenskap is
- 'n Lewe in gemeenskap wat ons lewens transformeer
- 'n Lewe van vreugde en behae in die verskille
- 'n Lewe van gemeenskap wat liefde, geregtigheid en versoening beliggaam.

In die Amerikaanse kultuur, skryf McKnight, het kerke die wese van die gemeente verander in groepe wat dieselfde is en dieselfde dink. Dit beteken dat verskillende gelowiges vir mekaar **onsigbaar** geraak het. Die onsigbares kan weduwees, vroue, mense van ander kulture, rasse, arm mense, gestremdes, emosioneel-beskadigde mense, sekere ouderdomme e.s.m. wees.

Die geestelike sukses van 'n gemeente is direk eweredig aan die voorheen *onsigbare* mense wat *sigbaar* begin word.

Die Christelike lewe is ten diepste om te leer om mekaar lief te hê, deur die krag van God se

genade, sodat ons kan floreer as die mense van God in hierdie wêreld.

Om getrou aan God te wees moet die volgende **ses temas** in elke gemeente aandag geniet: genade, liefde, tafel, heiligheid, nuutheid en florerings (*flourishing*).

Een: Genade

Die Bybel openbaar 'n God vol genade, met medelye in oorvloed, geduldige vergifnis, en ingestel op versoening. God sê in Jesus Christus in alle opsigte "Ja!" vir mense (2 Kor 1:20).

Hierdie "Ja!" reik uit en sluit mense ongeag agtergrond, geslag, morele geskiedenis, sosiale aanvaarbaarheid, ras of etnisiteit in. Dit geskied in Christus, maar ook deur die werk van die Gees.

Paulus is 'n goeie voorbeeld van hoe God die grootste vyande insluit in God se genade.

Ons verander dikwels die volle inhoud van God se oorvloedige genade in 'n kleiner storie. Ons kan bv. genade verklein om by ons onwaardigheid in te pas, asof dit net ons onwaardigheid is wat deur genade aangespreek word. Of genade kan net iets word wat God se woede oor sonde paai, asof genade God se strategie is om God se bui te laat sak.

God se genade is uit God se onoorwinlike, onstuitbare liefde gebore. Gemeentes moet dit helder beliggaam.

Twee: Liefde

Liefde staan in die sentrum van die Christelike lewe. Jesus leer dit, en Paulus werk hierdie tema uit (Gal. 5:14; Gal. 5:22; 1 Kor. 16:14; Kol 3:14; Fil. 1:9-11; Gal. 5:6). Liefde druk die somtotaal van God se wil vir ons uit.

Daar is twee reëls om te bepaal wat liefde vir die Bybel is:

- Moenie moderne definisies wat liefde is van toepassing maak nie (bv. emosies of aangetrokkenheid);
- Beskryf liefde in terme van God se liefdeshandelinge, tot Israel, Jesus, sy Seun, en die kerk en skepping.

Vir die Bybel is God se liefde, en daarom ons liefde:

- 'n Robuuste verbintenis (dink: verbond)
- 'n Robuuste verbintenis om **met of by** ander te wees (dink: inkarnasie). Daar is geen liefde sonder presensie by ander nie
- 'n Robuuste verbintenis om **vir** ander te wees (dink: 'n advokaat wees vir ander)
- 'n Robuuste verbintenis ter wille van ("unto", in die rigting van, ter wille van) ander te wees. Dit is liefde as transformasie.

Daarom noem McKnight liefde 'n saak van voorsetsels: *with*, *for* en *unto*.

Die volgorde van hierdie voorsetsels is wesenlik.

Die vraag is hoe divers ons liefde is, en hoe gewillig ons is om die *differents* in ons gemeentes lief te hê.

Hierdie soort liefde word deur God aan ons geskenk. Dit is egter ook harde werk. Liefde kan uitputtend en moeilik wees. Dit bring pyn in ons lewens, maar skep ook vriendskap en verhoudinge.

Liefde deel met ander, soek ander se voordeel, maak staat op almal se bydrae, skep bronne vir die geloofsgemeenskap, en is ingestel op behoeftes en noodlydendes.

Drie: Tafel

Jesus bid dat die kerk een sal wees, dat ons tot volle eenheid gebring sal wees, sodat die wêreld kan glo. Die kerk se eenheid word in Jesus se gebed begrond in die eenheid van Vader, Seun en Heilige Gees self (Joh. 17:21-23).

Die tema van eenheid is so belangrik dat Paulus dit vroeg en laat in sy briewe opper. Die vraag is nie bloot hoe ek geestelik vaar en groei nie, maar veral hoe ons gemeente geestelik vaar en groei, veral oor die "eenheid van ons" waar Jesus praat.

Eenheid verg dat ons:

- Ons denke vernuwe moet word
- Ons in en deur die Heilige Gees moet lewe.

As mens in die tyd van die vroeë kerk na die kerk toe gegaan het, sou jy na 'n huis gegaan het. Hier

sou dit opvallend wees hoe belangrik sosialisering en saam-eet was – ook in die deel van die brood en die beker van die nagmaal.

By die nagmaalstafel was al die ongelykes in Christus gelyk en sigbaar. Die nagmaal heilig ook al ons ander maaltye, en verbind dit met Jesus. Alle maaltye word koninkryksgeleenthede, want dit bind ons aan mekaar en aan God.

Die tafel leer ons dat "ons" groter is as "ek", en dat ons as gelowiges een lewe voor God deel.

Vier: Heiligheid

Die vierde tema waaraan die *fellowship of differents* aandag moet gee, is heiligheid.

Heiligheid is toewyding aan God. Die beste manier om heiligheid te ruïneer is om dit in 'n lysie "moenies" te verander.

Die kerk in Paulus se tyd was vol van mense wat geen idee van God se heiligheid, en daarom die kerk se gevolglike heiligheid gehad het nie. Die kerk is die ruimte waar ons mekaar help groei na heiligheid toe. Ons kan nie onheiliges uitskop nie, maar moet altyd op reis wees na heiligheid en toewyding.

Heiligheid kan nie herlei word na "afskieding van" nie, asof ons heilig is omdat ons sekere mense of dinge vermy nie. Heiligheid is toewyding aan, en dit begin deur tyd in God se teenwoordigheid te spandeer. Daarom is **gebed** so wesenlik vir heiligheid.

- Ons maak onself nie heilig nie – heiligheid is die innerlike werk van God in ons lewens;
- Heiligheid is om 'n lewe te lei wat sonde vermy;
- Heiligheid is om 'n lewe toegewy aan God te lewe.

McKnight bespreek ook seksualiteit onder die opskrif van heiligheid. Die Romeinse samelewing waarin die vroeë kerk begin groei het, was vol seksuele uitwasse, soos getroude mans wat ook buitehuwelikse seks as tydverdryf beoefen het. McKnight bring ook homoseksualiteit aan die orde. Hy vra wat verlossing vir ons almal se seksualiteit beteken en hoe ons daarin kan groei.

Verlossing is in die Bybel 'n proses. Ons *is* gered (Rom 8:24); ons *word* gered (Fil. 2:12) en ons *sal* gered word (Rom 13:11). Hoe ons verlossing verstaan, moet dus rekening hou met 'n pad wat mense en gemeentes stap. Ter sprake is:

- Ons eie mini-eksodus uit ons eie Egipte;
- Ons eie beloofde land waarheen God met ons op pad is.

Verlossing is 'n reis, 'n proses. Dit is 'n reis uit "Egipte" na die wye, beloofde land wat God vir ons voorberei. Ons moet die Bybelse skoonheid van die woord verlossing herontdek.

Vyf: Nuutheid

Volgens 2 Kor. 5:17 is ons 'n nuwe skepping in Christus. In die hart van die nuutheid van die nuwe skepping is vryheid. "Christus het ons vry gemaak om werklik vry te wees"- Gal. 5:1.

Vryheid, waarin ons nuwe gestaltes van gehoorsaamheid ondersoek, verg *onderskeidingsvermoë* van die kerk, bv.: hoe lei vryheid tot nuwe gemeenskap, godsvrug, heiligheid, liefde, geregtigheid, wysheid en vrede. Hoe beteken vryheid nie grypsug, vraatsug, wraak en narsissisme nie?

Mens wat vry gemaak is, was gevangenes. Waarin lê hierdie nuwe vryheid?

- Vryheid van sosiale grense;
- Vryheid van die boeie van sonde en dood;

Ons is egter nie net vry *van* nie, maar ook vry *tot*. Dit behels:

- 'n Nuwe vryheid om die volk van God te wees;
- 'n Nuwe vryheid om nuwe liefde vir almal te beoefen;
- 'n Nuwe vryheid tot 'n nuwe beperking in liefde;
- 'n Nuwe vryheid vir die nuwe-skepping opstandingslewe.

Ons nuwe vryheid hou ook 'n nuwe getrouheid in. McKnight werk met die verband tussen *faith* en *faithfulness* om getrouheid binne die kader van geloof te bring – getrouheid is 'n gestalte van geloof (2 Tim. 4:7).

Die gemeente het meer getroue gelowiges eerder as enkele helde nodig. Dit is Christene wat die Here jaar in en jaar uit getrou en standvastig dien.

Die vraag is hoe hierdie getrouheid in ons geskep word:

- Die krag van God se nuwe skepping werk getrouheid in ons;
- Ons moet onself toewy aan getrouheid;
- Ons kan beide getrou en gewoon wees;
- Getrouheid kan nou begin, ongeag die lewenseisoen waarin jy is.

Getrouheid en standvastigheid sluit egter nie spontaneïteit en ratsheid, geesdrif en nuwe inisiatief uit nie. Die belangrike beginsel is die regte leiding om die regte ding te doen:

- Gemeentes moet deur die Skrif gelei word;
- Gemeentes moet deur die Gees gelei word;
- God praat steeds met ons (op verrassende maniere) en lei ons;
- Gemeentes moet deur missie gelei word;
- Gemeentes moet deur gewone oorleg gelei word.

McKnight wy ook 'n hele hoofstuk aan die verhouding kerk – politiek. Vir hom moet die staat met die evangelie uitgedaag word, al bring dit teenstand. Dit is deel van ons vryheid.

Ses: Floreer (flourishing)

Al wat ons nodig het om te floreer in God se besondere projek, die gemeente, is die Gees van God. Al wat ons nodig het om te doen wat God wil bereik, is die krag van God:

The Spirit of God transcends human ability and transforms human inability.

Ons vermoëns, hoop, pogings en strategieë is nie voldoende om alle gelowiges in een liggaam te verenig nie. Ons glo te veel in ons eie krag en in ons eie behoeftes. Daarom eindig ons in gemeentes wat nie die goddelike ontwerp van eenheid in verskeidenheid weerspieël nie.

Die evangelie wat praat van die opstanding en die nuwe skepping is werklik die goeie nuus. Om te floreer moet ons mense van die Heilige Gees

wees. Die Gees oorkom ons verskille en verander ons eie voorkeure in liefde vir almal.

McKnight beklemtoon ses aspekte van die Nuwe Testamentiese leer oor die Heilige Gees:

- Aangesien Jesus en die apostels die Heilige Gees nodig gehad het, het ons ook die Gees nodig;
- Wat die Gees in besit neem, transformeer die Gees;
- Elkeen van ons het die Heilige Gees en gawes, en dit sluit jou in;
- Ons kan vol wees van die Heilige Gees;
- Die Heilige Gees beveg die magte van die Bose deur ons;
- Die Heilige Gees is God se belofte dat ons deel het aan God se nuwe koninkryk, en dat die volle verlossing net om die draai is.

McKnight sê dat dit waaraan jy jouself blootstel, geweldige invloed op jou uitoefen. Blootstelling aan 'n enkele invloed herskep ons na die beeld en gelykenis van daardie invloed. Wat sal gebeur as ons ons gesigte aanhoudend in die rigting van die Gees draai?

Vir Paulus is daar twee soorte mense: diegene wat aanhoudend aan die vlees blootgestel is, en diegene wat konstant vir die Gees oop is.

Blootstelling aan die Heilige Gees maak ons **beter** mense. Immers, die vrug van die Gees is:

Liefde
Vreugde
Vrede
Geduld
Vriendelikheid
Goedhartigheid
Getrouheid
Nederigheid
Selfbeheersing

Blootstelling aan die Gees maak ons ook **groter**, in terme van die gawes wat die Gees ons gee. Verder kry ons meer selfvertroue (boldness), asook meer wysheid en insig.

Die Gees help ons ook groei deur ons beroepe, ons lyding en swaarkry, en ons vreugdes.

Danie Mouton, April 2016